My Verlosser Leef

Paasgroete aan julle almal, vanmôre. Baie bly om hier te wees, vandag, in die tabernakel, op hierdie groot herdenkingstyd van die Pase. Die Here het ons 'n pragtige dag gegee vir hierdie aanbidding. En ons is hier vanmôre om die grootste gebeurtenis te vier wat ooit gebeur het in die wêreld, die opstanding van ons Here Jesus. Hy was groot in Sy dood, maar mense kan sterf, maar daar was nooit 'n man wat uit die dood kon opstaan behalwe Hy nie. En dis waar ons hoop lê vanmôre, in die opstanding van ons Here.

2 Soos ek ingekom het, vanmôre, opgestap het met die paadjie, het ek 'n paar oomblikke daaragter gestop om te kyk. Rondgekyk oor die gehoor, en ek het gedink: "Vroeg uit, vanmôre, is die mense, onder verwagting, om uit te kom en die Woorde gelees te hoor word, en die liedere wat gesing word. En dis ter nagedagtenis aan Een Wat ons lewens in Sy hand hou vandag." Ek het gedink aan die gesigte wat ek altyd gesien het op die vroeë môres, jare gelede. Hulle lê in hierdie begraafplase hierrond, in afwagting van die gebeurtenis van hulle opstanding.

3 Met dit in gedagte, wel, bring dit ons by hierdie gedagte, dat, ons vandag hier is. Ons weet net nie watter tyd ons geneem sal word na—na die plek waar hulle vanmôre lê nie. En dan, in daardie lig, watter soort mense behoort ons te wees, en hoe behoort ons hierdie opstanding van vandag te benader?

4 In die Boek van—van Job, in die 10de . . . 19de hoofstuk en die 25ste vers, hierdie paar Woorde.

> . . . *ek weet . . . My verlosser leef;* . . .

5 Was Job se profesie en sy woorde, na hy hierdie dag gesien het waarin ons vandag aanbid, in aanbid, die opstanding.

6 Ek, wat dele van die wêreld deurkruis, en verskillende vorms van godsdiens gesien het, en die verskillende fases van aanbiddings, sou dit 'n lang tyd neem, om te poog, om te probeer om die verskillende fenomene van die godsdienste van hierdie wêreld te verduidelik.

7 Maar, vandag, in die wete dat ons 'n groot dag het wat vir ons voorlê, en dat ons hier vergader is, vanmôre, net vir hierdie vroeë-môre aanbidding vir 'n paar oomblikke. Dan sal ons terugkeer na ons huise, en terugkom vir, wat ons vandag vertrou, 'n genesingsdiens.

8 Ons het dit nog nooit gehad behalwe omtrent twee of drie keer, vandat ons was—was op die . . . in die dienste nie. Want, gewoonlik, deur na die tabernakel en rondom te kom, ons plaaslike mense hier, lyk dit asof die salwing van die Heilige

Gees, Dit net nie reg kom, hier nie, omdat dit die huis is. Eenkeer was dit, en onder by die Jeffersonville Hoërskool; en dan was dit eenkeer hier by die tabernakel.

9 En vandat ek wakker geword het vanmôre. . . Ek het skynbaar 'n bietjie laat ingekom, maar dit was vir 'n doel. Ek was wakker vanmôre, dou voor dag, en onder afwagting.

10 En ek glo net dat ons 'n groot diens gaan hê vandag, in die genesingsdiens. En die kêrels, ons gaan hulle die kaarte gee nou, en hulle gaan hulle uitgee vanmôre om nege-uur, vir die genesingsdienste wat kom. Ek glo die Here gaan ons 'n wonderlike tyd gee.

11 So, ons sal Hom aanbid in gebed en in sang, en die spreek van die Woord, en dan probeer wegkom vandag, vanmôre, om sewe, indien moontlik, sodat elke persoon kan terugkom en genoeg tyd hê om gereed te maak vir die diens.

12 Die gebedskaarte sal uitgegee word net om nege, sodat dit nie sal inmeng met die res van die dienste nie.

13 Dan, vanaand, natuurlik, is die doopdienste, ook. Ons wil hê dat julle almal hierdie ook moet bywoon, die vreemdelinge in ons midde, ensovoorts. Ons is so bly om julle te hê vanmôre, hierdie sonsopkomsdiens te sien, en die tabernakel gevul.

14 Nou, oor die verskillende gedagtes nou, vandag, van godsdienstige aanbidding. In baie plekke, aanbid hulle die voorouers wat heengegaan het. Byvoorbeeld, as ons na China toe gaan vanmôre, en die Woord van God spreek, of Japan, sou hulle wonder van watter god praat jy, want, elke persoon wat sterf, is 'n god sodra hy sterf. En as ons gaan na waar die Buddha aanbidders, of die verskillende, die Mohammedane, hulle glo nie dat Christus uit die dood uit opgestaan het nie. Hulle glo nie eers dat Hy gesterf het nie. Hulle sê: "Hy het op 'n perd geklim en weggery en Hemel toe gegaan."

15 Maar, vandag, het ons regtig die Waarheid en die Lig van die Lewe. Daar is geen twyfel in my gemoed, vandag, as 'n—'n Evangeliepredikker van Christendom nie. Ek het hoegenaamd geen twyfel in my gemoed, geen sweempie twyfel, dat ons beslis die verseëlde Waarheid het nie. Dat ander godsdienste dalk goed kan wees, maar ons die Waarheid het.

16 As ons oplet, vandag, dat, kyk na die seisoene. Sekerlik het die groot God van die Hemel, Wat die hemele en aarde gemaak het, gemaak. . . As julle kan sien hoe Sy verstand gewerk het, hoe Hy die herfs van die jaar het, die dood; dan die lente van die jaar, die opstanding. Om te. . . jy moet sterf, om opstanding te kan hê.

17 Dis deur die dood wat altyd lewe bring. Jy lewe slegs deur die dood. Het julle ooit gestop om te dink dat, dat die menslike ras slegs lewe deur die dood? Iets moet sterf sodat jy kan lewe; kos. Plantlewe, dierelewe, almal sterf. En deur daardie dood, eet

ons die kos. En die kos wat ons eet, die dooie stof van iets anders, produseer die lewende selle van bloed wat in ons liggaam inkom. So ons lewe, en groei, en haal asem, en eet, slegs deur 'n lewe, en nou . . . en deur die dood. En ons moet dan die dood hê om lewe te kan produseer.

18 Nou, hierdie boodskap wat vir ons gelees is, vanmôre, ons sou dit die groot opdrag noem, want dit was die laaste opdrag wat ons Here Sy dissipels gegee het. "Om in die hele wêreld in te gaan, en om hierdie glorieryke, goeie nuus van die opstanding te verkondig, aan die hele wêreld, as 'n getuienis." En dan sou Hy terugkeer. En, dat: "Tekens en wonders sou hierdie Boodskap vergesel wat verkondig moes word."

19 En vandag, in die lande, vind ons selfs onder Christengodsdiens, dat ons die mense in Amerika vind, baie van hulle, met alle goeie en alle respek daarvoor, ons groot kerke probeer stig, en katedrale, en groot programme, ensovoorts, ook. Op Pase, vandag, word die groot kerke en kruise blinkgevryf vir hierdie groot diens van Pase. En, vandag, sal letterlik tiene van duisende en miljoene van dollars gespandeer word vir Paasblomme ensovoorts, om op die altare te gaan, om hierdie groot kerke en katedrale te versier wat ons vandag het.

20 En in Rome, die hoof van die Katolieke kerk, daarbinne hulle . . . daardie groot lykshuis, Sint Petrus s'n, waar dooie mense begrawe is. Hulle sê graag, in die Katolieke kerk, dat: "Ons het dit, omdat ons die liggaam hier het van Sint Petrus, wat hier lê. Ons het die liggame van verskillende apostels, en dissipels, en groot manne wat gesterf het en is . . . Hulle liggame is hier begrawe." En hulle kyk daarna asof dit een of ander groot bevestiging is van hulle fase van godsdiens, dat hulle God het.

21 Maar dit was altyd my standpunt, vriende, dat daardie dinge niks beteken nie. Dit is nie. Enige mens kan sterf en in die grond lê. Maar Wat daaruit opgestaan het, is wat ons vandag aanbid, 'n lewende, verrese, opgevaarde Here Jesus Wat vandag leef. Baie mense kan sterf.

22 Verlede Vrydag, het mense op hulle knieë, teen die trappe van die Vatikaan opgekruip. En baie mense het ingegaan en die dood gevier, wat was die . . . 'n groot en tragiese ding wat met Christus gebeur het. Maar Hy moes dit doen om te bewys dat Hy Christus was.

23 Maar vandag is die dag, die opstanding, hierdie het dit vir altyd verseël. Nou is Hy nie dood nie. Hy is lewendig, vandag, en lewe in elke hart en elke persoon.

24 Manne van ouds, soos hulle uitgesien het na vandag, die ou aartsvaders destyds in die Bybel; Abraham, Isak, Jakob, Job. Baie van die ou aartsvaders het uitgesien na die tyd wat Christus sou opstaan uit die dood.

25 Ek dink aan Job, die een waarvan ons gelees het 'n paar oomblikke gelede, het uitgesien na vanmôre. Toe hy oud was, gevorderd in jare, en sy vlees eenvoudig van sy liggaam afgeval het, van sere. Sy hart was gebroke, van hartseer. En elke sterflike deel van sy wese het weggekwyn.

26 En 'n groot man soos daardie, wat 'n groot indruk op die wêreld van sy dag gemaak het; en om dit te sien, alles wat hy was—hy was, en die grootheid. Hy het gesê hy sou na die stede van die Ooste toe gaan, en die prinse sou voor hom buig, as gevolg van sy wysheid.

27 Maar hier was hy, aan die einde van sy vermoë. Alles was weg, skynbaar. Sy liggaam was gedaan. Sy besittings was weg. Sy kinders was weg. Alles wat Hy gehad het, was weg.

28 En, toe, het God in Sy genade afgekom na Job, en Hy het vir hom 'n ander sintuig gegee, dat hy sy oë kon oopmaak en die dag kon sien wat daar 'n liggaam sou wees wat hy kon ontvang. Hy het geweet dat daar Een sou kom, 'n Regverdige, Wat in sy plek sou staan, Wat die liggaam van die dooie kon oprig, en sou. Hy het gesê: "Ek weet dat my Verlosser leef." Ek hou van daardie positiewe woorde waarin hy dit gesê het.

29 Nie: "Ek hoop so. Ek het 'n gevoel daar sal wees" nie. Dis omtrent die gesindheid van baie vandag: "Ek het 'n hoop dat eendag . . . "

30 Maar Job het meer as dit gehad. Hy het gesê: "Ek weet my Verlosser leef," die positiewe kant daarvan. Nie meer in die negatiewe nie. Dis alles positief.

31 En as vandag, as ons net 'n kruis bo-op die kerk het, om te wys (wat, dis goed) dat Christus . . . ons glo in Christus se dood, begrafnis, en opstanding. As ons net 'n paar dooie liggame van stof het wat onder die kerk lê, en party van die heilige mense in begrawe is, dat daardie . . . ons net dit as 'n hoop het, dan is ons die ellendigste van alle mense.

32 Maar, vandag, hoe dankbaar is ons! Ons het nie die dooie liggame nie, maar ons het die verrese Gees van die Here Jesus Christus, dat Hy opgestaan het uit die dood, triomfantlik.

33 Dis nie meer "ek reken so" nie. Jy kan kyk na 'n kruis en "reken so." Jy kan kyk na 'n liggaam wat in die grond lê, en sê: "Ek reken so," en "ek hoop so."

34 Maar wanneer die visioen wat Job getref het, ooit 'n werklikheid geword het, die opstanding van die Here Jesus deur die Heilige Gees in die hart, dan het jy: "Ek wéét my Verlosser leef."

35 Al die skadu's het vervaag, al die ou duisternis van "hoop so," en "miskien so," en "ons vertrou dit sal so wees." Dit het alles vervaag, vir enigiemand wat ooit hulle hart 'n graf gemaak het vir die Here Jesus Christus.

36 Sterf saam met Hom, begrawe saam met Hom, en opgestaan saam met Hom! Opgestaan saam met Christus in die opstanding! Hierdie nuwe hoop wat God in ons harte geplaas het, vandag, hierdie nuwe versekering! Dis ’n hoop vir hulle wat uitsien na die tyd. Maar as ’n man of vrou ooit weer opgestaan het, is dit ’n “weet so” nou. “Ek weet my Verlosser leef. Hoekom? Hy leef in my hart.”

37 Is dit nie wonderlik vandag dat alle skaduwees weg is nie? Al die . . . “Wel, ek hoop dat ek sal kom in die opstanding.” Nie meer “hoop” nie. Ons het die versekering! Dis al. Ons weet dit. Nie meer “hoop so” nie.

38 Want, iets het gebeur in ons lewens, wat alle skaduwees weggeneem het, toe Christus die Verrese Een na ons sondige toestande gekom het waarin ons was. En die ou dinge het uitgesterf, in die kruisiging saam met Hom, by die altaar. En ons het weer opnuut opgestaan, saam met Hom, en lewe saam met Hom en regeer saam met Hom. “En sit nou in Hemelse plekke in Christus Jesus.” Ons het alreeds opgestaan saam met Hom. Die opstanding is alreeds verby, wat ons betref, omdat ons nou opgestaan het saam met Christus. Amen. “Sit in Hemelse plekke in Christus Jesus.”

39 Niks “geraai” meer daaroor nie. Dis alles verby. Amen. Ek is net lief daarvoor. Niks “hoop” meer, niks “wens” meer nie. O, dis verby.

“Ons het nou opgestaan saam met Hom, en sit in Hemelse plekke.”

40 En nou, en selfs meer as dit, aan die Kerk! Julle sê, dan: “Broer Branham, wat beteken dit, dan, dat ons moet ‘die Evangelie preek’ van?” Dis ons volgende hoop. Dis ons volgende ding. Nadat ons opgestaan het saam met Hom, het ons die groot opdrag, om in die hele wêreld in te gaan en hierdie tyding aan die ander te bring.

41 Wat ’n pragtige môre, toe Maria Magdelena, Maria die moeder, na die graf toe gekom het daardie vroeë oggend, aan die wonder: “Wie sou die steen wegrol van die graf? Wie sou in staat wees om die steen weg te rol?” Hulle het aangegaan, vorentoe, deur geloof, geglo. En soos die môre begin breek het, het die Rooiborsvozltjies en alles hulle geskree gestaak. En die eerste ding, het die môrester die pad verlig, en soos ’n groot meteoriet oor die aarde geseil en oor die graf gehang waar Hy was. En ’n Engel het daar gestaan, en die steen weggerol.

42 En Hy het opgestaan uit die graf, getriomferend oor die dood, hel, en die graf. En gesê: “Kyk, Ek is altyd met julle, selfs tot aan die voleindig van die wêreld.”

43 En vandag lewe Hy oppermagtig in ons lewens, en daar’s geen raaiwerk meer daaroor nie. Ek dink Pase is een van die grootste tye. As daar ooit ’n tyd was dat volle Evangelie, pinkster,

wedergebore, herbore mense, die eer van God behoort uit te basuin, is dit op 'n Paasoggend, wanneer hulle weet dat dit 'n herdenking is van wat met hulle gebeur het. "Eens dood, in sonde en oortredinge; nou opgewek, wat sit in Christus, in Hemelse plekke, wat weet ons Verlosser leef."

44 Dawid, die profeet van ouds, het gesê: "Tog, my vlees sal rus in hoop, want Hy sal nie Sy Gunsgenoot verderwing laat sien nie, Hy sal ook nie Sy siel aan die doderyk oorgee nie." Gepraat van die opstanding, dat God Christus sou opwek volgens die Skrifte.

45 En ons, opgewek saam met Hom vandag, sit posisioneel saam met Hom; en is nou gereed vir die Wegraping om te kom, in afwagting vir daardie groot tyd. "Ons vlees sal rus in hoop." Ons weet dit. Daar's nie 'n sweempie twyfel in my gemoed vandag nie. Daar's nie 'n sweempie twyfel in enige persoon se gemoed hierbinne, wat ooit wedergebore is, dat hulle daar sal wees net so seker as wat daar 'n Hemel daarbo is nie. Jy moet wees. Elke belofte is net daarvan. Dis al. Word net opgewek saam met Hom; en dan sal jy lewe saam met Hom, Hom liefhê, saam sit in Hemelse plekke, in afwagting van daardie groot tyd.

46 Nou, die groot opdrag, was om te gaan in . . . Na Hy uit die dood uit opgestaan het, toe Hy . . . Die groot opdrag was, om: "In die hele wêreld in te gaan, en die Evangelie aan die ganse mensdom te verkondig." Elke skepsel moes die Evangelie hoor. Dis die opdrag vanmôre, van die Kerk, dat elke skepsel die Evangelie sal hoor. Dan, wanneer elke skepsel die Evangelie gehoor het, dan sal Jesus weer terugkeer.

47 Het julle al ooit gestop om te dink, vanmôre, wat terugkeer betref, dit is, dit sigbaar geword het? Hy is nou alreeds hier by ons. Hy . . . ons eendag . . . Nou, vandag, verbeel jou net dat Sy Teenwoordigheid hier is vandag. Die Here Jesus is in 'n ander wêreld, of 'n ander dimensie, reg hier vandag in die vorm van Gees. Sy Gees vermeng met ons gees. Ons oë kan Hom nie sien nie, omdat hulle steeds fisies is, behalwe as daar iets sou gebeur dat ons visioen kon sien. Maar Hy is hier net so sigbaar, net so werklik as wat Hy die dag was wat Hy met Maria gepraat het, by die graf, of wat Hy Kléopas op sy pad na Emmáüs ontmoet het. Sy Teenwoordigheid is hier.

48 Dit kan gevoel word met, gevoel word met daardie binneste lading wat aan die binnekant van die menslike liggaam is, wat die nuwe Geboorte genoem word. Die siel is gemagnetiseer tot Hom. En nou en dan, wanneer julle julle gedagtes op Hom laat konsentreer, Hom glo; naderhand, Iets, 'n werklikheid, kan jy Iets oor jou wese voel swiep. Dis die bevestiging van Sy opstanding.

Dis nie 'n "reken so" nie. Dis nie "ek hoop so" nie.

49 Maar, vir elke persoon wat wedergebore is, is dit 'n "weet so." Dis, jy weet dit. Dis net daar, en wanneer jy in kontak kom met Hom. Ek het heiliges sien sê: "O, kan jy . . ." Die

Teenwoordigheid van die Here is naby. Hulle sê: "Tog, daar is Iets!" Wel sekerlik. Hy is net daar. Reg op . . . Hy het opgestaan uit die dood, en Hy staan reg langs jou.

50 Nou, eendag, wanneer ons gaan om by Hom te wees; druk hierdie geeste hierbinne, wat daardie Gees kan voel, Daarin. Dan, by die opstanding, wanneer Hy Homself sigbaar maak, sal ons sigbaar gemaak word en 'n liggaam soos Sy Eie verheerlikte liggaam hê. Want, wanneer ons van die geeswêreld af kom, sal Hy ons saam met Hom bring. "Almal wat ontslaap het in Christus, sal God saam met Hom bring in die opstanding." O, wat 'n verligting! Wat 'n kosbare ding!

51 O, as ek nie hierdie sou neem . . . O, as ek koning gemaak kon word oor die hele aarde, en gewaarborg word om 'n miljoen jaar te leef; sou ek nie 'n jaar se aanbidding van die Here neem, en die dinge wat ek in die afgelope jaar gesien het, en geleer het van God, vir al die rykdom van die wêrelde nie. Hierdie kosbare hoop! Na daardie een miljoen jaar, of wat dit ook al sou wees, sou ek ophou bestaan.

52 'n Tyd gelede, het ek en Broer Cox (wat nou agter in die gebou staan) gesit op 'n . . . Die oprit kom by die huis in, en daar was gebreekte klip op die pad. Daarin was 'n klein fossiel van een of ander seedier, of iets, wat baie, baie jare gelede gelewe het. Ek het gesê: "Kyk na hierdie hier."

53 En Broer Cox het gesê: "Broer Branham, wonder hoe oud daardie regtig is?"

54 Ek het gesê: "Wel, Broer Cox, dis miskien, kronoloë sou sê, op tot in die miljoene jare; ver terug voor hierdie aarde ooit bewoon is deur menslike wesens, en die waters die aarde bedek het. Daardie diere het miskien baie, baie, baie miljoene jare gelede gelewe. Maar ek . . . "

55 Hy het gesê: "Kyk, Broer Branham," gesê: "is menslike lewe nie so kórt, teen daardie lewe nie? Dink net, daardie fossiel bestaan steeds, na miljoene jare."

56 Ek het gedink: "O," ek het gesê: "Broer Cox, daar sal 'n tyd kom wanneer daardie fossiel nie meer sal wees nie. Daar sal nie een skaduwee daarvan wees nie. Maar omdat Hy opgestaan het uit die dood, sal ek lewe en jy sal lewe, vir altyd, en vir ontelbare eeue."

57 Wanneer alle fossiele vervaag het, en alle gryse tye verbygegaan het, en skadu's gedaal het, sal ons voortleef, aan en aan leef, vir altyd. Want, deur die opstanding van die Here Jesus Christus te aanvaar, word ons onsterflike wesens, wat sug in die Gees, in afwagting van die tyd van ons verlossing, wanneer ons ook by Hom sal wees in Sy dierbare Teenwoordigheid, om vir altyd te lewe. Wat 'n wonder! Geen wonder dit het die harte van die mense opgewonde gemaak nie! Geen wonder dit het mense laat aanbid nie.

58 Geen wonder dat mense vandag op hulle knieë sal kruip, en klippe aanraak, en kruise vryf, en—ensovoorts nie, want, iets in hulle, iets onder in die menslike siel roep uit vir iets wat hulle nie kan vind nie. "Die diepte wat uitroep tot die Diepte." En as daar 'n diepte is, wat roep, moet daar 'n Diepte wees om daarop te antwoord. Daar moet net wees.

59 So seker as wat daardie warm son op die velde bak, wanneer dit gebars is van die winter se koue, moet daar wees. . . Daardie son is hier geplaas vir iets. Daar onderin, iewers, onsigbaar vir die menslike oog, is plantegroei en lewe, wat weer sal uitkom omdat die son gestuur is vir daardie einste doel.

60 En net so seker as wat die Sonlig van God in die menslike hart bak, is daar 'n klein ietsie daar wat die mense nie kan verduidelik nie. Dit roep uit. Daar moet wees, iewers. Ek dink daaraan, en my hart bewe van opgewondenheid, om te weet dat ons vandag die hoogste bewys het dat Christus opgestaan het uit die dood, nou.

61 En ek dink aan die tye van die Ou Testament, ook, toe hulle uitgesien het na die koms van die Here Jesus, toe hulle Hom vooruit gesien en aanbid het, by net die gedagte daaraan. Daar was iets in hulle, wat uitgeroep het: "'n diepte wat uitgeroep het na 'n Diepte," gewag het vir 'n tyd, uitgesien het na die tyd wanneer Jesus sou kom.

Nou, vandag, nadat Hy gekom het. . .

62 Nou, destyds daar, het Satan die oë van diegene wat uitgesien het daarna, probeer verblind, om vir hulle te sê daar was nie so-iets nie. Maar, op een of ander manier, bo enigiets wat ons vanmôre kan sê, maar soos die Heilige Gees op hulle hart gedruk en hulle 'n honger en 'n dors gegee het, dat daar 'n Regverdige sou kom.

63 Job, dink nou, vierduisend jaar. . . Vierduisend jaar voor die koms van die Here Jesus, het Job die opstanding gesien. En toe hy dit deur 'n visioen gesien het, dat dit sou wees, vierduisend jaar voor dit gebeur het, het hy die versekering gehad, dat: "Ek weet my Verlosser leef, en in die laaste dae sal Hy op die aarde staan. Al vernietig die velwurms my liggaam, sal ek nogtans God uit my vlees aanskou; Wie ek self sal aanskou; my oë sal aanskou, en nie 'n vreemde nie." Daar was 'n diepte, wat uitroep na die Diepte, in Job.

64 Satan mag dit probeer uitwis met die dood. Hy mag sê: "Ja, Job, jy gaan na die graf. Velwurms sal jou liggaam neem." Dis reg. Ons weet dit.

65 Maar Job het gesê: "Ek sal by Hom staan in die laaste dae." Hy het die versekering gehad, dat hy daar gaan wees, want daar was iets in Job wat dit vir hom gesê het. En soos Satan sy bes probeer het om dit uit te wis met die dood en alles, Job het uitgesien daarna, om dit te sien. Gesterf in die geloof, die gees gegee; weer opgestaan op Paasoggend, saam met Christus, is

vandag onsterflik onder mense! Halleluja! Let op. Geen wonder die Engele Wesens kan sing: "Halleluja!" nie. Weet!

66 Nou, vandag, mag daar sommige wees, ons mag kruise vryf, ons mag bene van dooie mense vryf; dis mense harte wat uitroep na iets. Hulle doen. Daar is iets in hulle, wat blykbaar . . . As menslike wesens, wil hulle . . . Hulle weet daar is iets, iewers, groter as waarvan hulle enigiets weet, en hulle soek daarna, soek daarna. En hulle probeer dit vind deur bene van dooie mense te aanbid, deur kruise te vryf, deur groot kerke te bou.

67 Maar, o, vir daardie kosbare hoop vandag, vir daardie blye versekering, dat elke mens wat ooit in kontak kom met die opstanding, weet, sonder enige sweempie twyfel, dat Christus opgestaan het uit die graf, en ons saam met Hom opgestaan het. Ons is opgewek saam met Hom, vanmôre. Dat, sien, dis nie geen . . .

68 Dis 'n honger, elkeen van julle wat na Christus kom. Voor julle die Heilige Gees ontvang het, het julle gehonger en gedors. Julle het beweeg. Julle het gesoek. Julle het die Bybel gelees. Julle het gehuil. Julle het alles gedoen wat daar kan wees. Julle mag paternosters opgesê het. Julle mag krale herhaal het. Julle mag allerhande godsdienstige dade gedoen het. Julle mag ophou vleis eet het. Julle mag sabbatdae onderhou het. Julle mag al hierdie godsdienstige dinge gedoen het waarvan die wêreld vandag praat.

69 Maar, wanneer jy ooit eenkeer oorgegee het aan 'n kruisiging, het daar 'n opstanding plaasgevind. Dit gee jou die versekering, van: "Ek weet my Verlosser leef vandag!"

> Daardie blye versekering, Jesus is myn!
> O, watter voorsmaak, heerlik en Rein!
> Erfgenaam var Verlossing deur Sy Blood gekoop
> Wedergebore, rein deur Sy Bloed,

70 Dis die goeie nuus. Dis die algemene opdrag. Dis die groot opdrag, dat ons moet "in die hele wêreld ingaan, en hierdie Evangelie verkondig." Dit vir die mense gee: "in die krag van die opstanding." Nou, in die vertroue dat . . .

71 Nou, ons tyd wat net omtrent verby is, vir hierdie oggendpraatjie saam. Ons moet nou preek, binne 'n paar uur, om terug te wees om die Paasdiens te preek vandag.

72 Maar, vandag, in hierdie praatjie, wat 'n wonderlike gevoel! Wat 'n wonderlike gemeenskap saam! En ek glo met my hele hart dat, hierdie ou tabernakeltjie vandag die direkte bewys sal sien dat Jesus Christus opgestaan het uit die dood, sigbaar voor hulle oë; God wat die siekes genees, en die groot tekens en wonders doen wat die groot opdrag ingesluit het. Die groot versoening wat op Gólgota gemaak is, het hierdie dinge ingesluit. En, vir my, is dit die onfeilbare bewyse van Sy opstanding.

73 Na Hy uit die dood opgestaan het, het Hy gesê: "Julle moet in die hele wêreld ingaan en hierdie Evangelie preek aan die ganse mensdom. Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens vergesel."

74 En julle kan al die katedrale kry, en al die gevryf, en al die res wat julle wil. Maar gee my die Opstandingskrag, dat ek die Here Jesus vandag kan sien, as die Lelie van die Dale en die Môrester. Dit verseël dit, vir my. En dan kan ek sê, saam met Job van ouds: "Ek weet my Verlosser leef."

Wat kan al my sonde was?
Niks anders as die Bloed van Jesus.

75 Wat kan my weer heel kom maak, van elke siekte, enigiets, enige slawerny waarin ek ooit was? Niks anders as die Bloed van Jesus, en die Krag van Sy opstanding nie. Wat 'n wonderlike ding! Ek het Hom lief. En julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Geseënd sy Sy heilige Naam!

76 Nou, was Job teleurgestel? Is Job uitgelaat omdat hy hierdie geglo het? Nooit. Nooit. Is Job verkul, met wat hy gesien het, sy openbaring? Het die diepte, wat uitgeroep het na die Diepte, vir Job mislei? Baie mag dit gedink het in sy dag. Maar, o, hoe het dit uitgekom aan die einde? En Job, toe hy gesterf het, nadat hy 'n ou man was, het God hom geseën in die lewe.

77 Ek sê julle, hou julle enige persone dop wat julle wil. Luister hierna, julle tabernakel mense, en julle besoekers by ons. Watter lewe jy ook al lei, dis watter lewe jy sal maai. Jy, net soos jy saai, sal jy maai. Ek was ses-en-veertig jaar oud, nou die dag. God het my lank genoeg laat lewe om te sien dat jy nie kan verkeerd doen en daarmee wegkom nie.

78 Jy moet die regte ding doen, omdat Christus opgestaan het uit die dood en Sy oë op die Kerk het, en Hy hou Dit dop en lei Dit. Moet nooit teen die gevoel van die Heilige Gees gaan, wanneer Hy vir jou sê om iets te doen nie. Maak nie saak wat die wêreld sê nie, doen jy wat Hy sê om te doen. Hy sal altyd die Waarheid bevestig en die Waarheid reg hou.

79 Nou, toe hy . . . toe hierdie groot profeet van die Here, Job, toe hy gesterf het en begrawe is. Net 'n klein uitroep nou van wat . . .

80 Ek wil nou hierdie diensie afsluit, sodat ons gou kan huistoe gaan, en kan terugkom vir die groot genesingsdiens. Ek net . . .

81 Ek's nie 'n fanatikus nie. Julle weet ek is nie. Of, as ek is, weet ek dit nie. Maar ek voel net Iets ver onder in my, wat stoot en druk. Ek glo net dat ons voor iets groots is, vanmôre, tot die eer van God. Ek sê vir julle, ek sou nie . . . O, goeiste! Wat 'n . . . Om hierdie groot ding te weet, dat Christus vandag leef! Waar, om die hele wêreld, oral, en elke godsdiens, alles wat daar is, maak nie saak wat nie, die hele groep Dit sou weier; steeds, vir my, leef Hy. Hy leef.

Dan, sal ons sien of mense teleurgestel is, wat Dit glo.

82 Job, toe hy gesterf het, is hy begrawe in 'n—'n veld daar. En sy graf is bewaar.

83 En toe, toe die profete van ouds gekom het, Abraham. Die lieflings van die Bybel, Abraham en Sara. Toe Sara gesterf het, het Abraham 'n stuk grond gekoop net naby waar Job begrawe is, en Sara begrawe. Hy het gesê: "Ek is 'n mede-erfgenaam saam met jou daar oorkant." O, goeiste! Ek hou daarvan: "Mede-erfgename!"

84 Dis hoe, party van hulle vandag sê: "Wel, Broer Branham, jy bedoel dat jy die Baptiste kerk sal verlaat? Jy sou *dit*, *dat*, of die *ander* doen?"

85 Ek's 'n mede-erfgenaam saam met hierdie "holy-rollers," en ek—ek wil by hulle wees. Ek . . . Waar, soos Rut gesê het, van ouds: "Waar jy . . . Jou volk is my volk. Jou God is my God. Waar jy sterf, sal ek sterf. Waar jy begrawe word, sal ek begrawe word." Ek wil soveel sterf vir self, totdat ek 'n nuwe persoon in Christus Jesus is.

86 So, hulle het Job begrawe. En Abraham het Sara net naby sy plek begrawe. Iets in hulle; daardie instink!

87 "Wel," sê jy: "nou, is daar so-iets, Broer Branham? Nou, jy het aangegaan, oor verskillende godsdienste. Hulle lees dit ook uit 'n boek." Dis reg. Hulle lees dit uit boeke.

88 Maar Hierdie is nie lees uit 'n boek nie. Dit is die Boek gemanifesteer. Hierdie is die Woord. Die saad het begin groei, dis: "Ek weet." As jy net die letter lees, sê jy: "Ek hoop so. Ek glo so." Maar wanneer die saad Lewendig word, dan weet jy so. Amen. Amen. O, dis 'n "weet so."

89 Job het gesê: "Ek weet!" "Ek het dit gehoop; ek het daarin geglo; ek het die offers gebring; ek het al hierdie dinge gedoen; ek het so gehoop." Maar toe die visioen kom, en hy dit gesien het, het hy gesê: "Ek weet dit." Iets het gebeur.

90 Jy kan kerk toe gaan. Jy kan die hele Apostoliese Geloofsbelydenisse opsê. En jy kan al hierdie ander dinge doen wat godsdienstig is. Jy kan in enige vorm gedoop word, waarin jy gedoop wil word. Jy kan enige van hierdie dinge doen wat jy wil. Maar tot jou siel ontwaak is deur die opstanding van die Here Jesus, jy . . . Al die "hope" is dan weg, en 'n "weet so" het afgekom. "Ek weet!"

Job het gesê: "Ek weet dat my Verlosser leef."

91 Abraham het gesê: "Ek het dieselfde soort visioen gehad. Toe ek daar bo-op die berg was, toe (Christus) God my ontmoet het, en vir my die . . . Sy verlossingsname gegee het, as Jehova-jireh, Jehova-rapha, en al daardie; het die dood, begrafnis, en opstanding gesien. Het dit gesien, en ek het dit geoffer in my eie seun, toe ek klein Isak gesien het (Die moeder van hierdie dooie moeder hier, haar seun.), toe ek hom teen die heuwel opgeneem

het, hom sy eie hout, teen die berg laat opdra het," Génesis 22, "en daar het hy . . . Ek het hom op die altaar neergelê en sou sy eie lewe neem. In die wete dat ek hom ontvang het as een uit die dood, het ek geglo dat Hy hom weer sou oprig. En deur hierdie groot hoop wat in my hart klop, weet ek dat Hy gesê het dat Hy hom kon oprig." Sien? Dit was 'n voorskou van die opstanding; dieselfde ding wat Job gehad het.

92 So hy het gesê: "Nou, ek's 'n mede-erfgenaam saam met Job, so begrawe my in dieselfde grond." Dis reg. So hulle het hom soontoe geneem, Sara soontoe geneem en haar begrawe net naby Job. Abraham het gesê: "Nou omdat hulle was . . . Hierdie grond mag aan iemand anders verkoop word, of omdat julle dit vir my gegee het. Ek wil nie hê julle moet dit vir my gee nie. Ek wil daarvoor betaal. Al gee julle dit vir my, wil ek daarvoor betaal."

93 En dis hoe, elke mens, wat: "Deur genade word julle gered, nie deur werke nie," niks wat jy kan doen nie. Maar as jy ooit die kosbare opstanding in jou hart kry, wil jy die lewe van 'n Christen lei, die hele hartsbegeerte in jou, is om te doen wat reg is. O, ek is net lief daarvoor! Dis nie dat jy pligsgebonde is *hieraan* nie. Nie dat jy pligsgebonde is nie, maar daar's Iets in jou wat jou dit wil laat doen. Jy wil dit doen. Jy doen dit nie omdat dit 'n plig is nie. Jy doen dit as gevolg van liefde.

94 Jy sê: "Ek weet. Wel, ek moet opstaan en die kindertjies gereedmaak vir kerk vanmôre. O, goeiste!" Sien? O, goeiste! Jy het nooit die opstanding aangeraak nie.

95 Broer, wanneer die opstanding in jou hart ingekom het, verlang jy om dit te doen. Daar is iets, dat jy net nie kan wegbly daarvan nie; Iets binnekant.

96 Job, toe hy hierdie gesien het! En Abraham het dit gesien; het hy Sara naby Job begrawe. Die veld gekoop, dit met sy geld gekoop, sodat dit verseker sou wees. Getuies voor dit geplaas, sodat hy verseker was dat hy hierdie veld gekoop het vir 'n begrafnisplek. En toe, Abraham self, toe hy gesterf het, is hy ook saam met hulle begrawe, in dieselfde veld.

97 Abraham was die vader van Isak. En toe Isak gesterf het, is hy begrawe by Abraham; onder dieselfde visioen, dieselfde gedagte, dieselfde "diepte wat roep na die Diepte," dieselfde "ek weet my Verlosser leef." Dieselfde ding, dieselfde bewys.

98 En toe, toe Isak die vader geword het van Jakob. En Jakob het gesterf, ver onder in Egipte, ver van hierdie land af.

99 En hy was 'n kreupel man. Hy het anders geloop as wat hy altyd geloop het, omdat hy een aand in kontak gekom het met 'n Engel van God. En die Here het sy heup aangeraak en hom anders laat loop. Hy het 'n bewys gehad dat Hy 'n houvas op God gehad het, en God 'n houvas op hom gehad het. En dis hoe, toe hy daardie bewys gekry het, daardie ou kreupel heup waarop hy daar geloop het, wat hom reguit laat wandel het.

100 Een kant, 'n groot grootprater, 'n groot . . . Wel, wat hy eintlik genoem is, hy was 'n bedrieër, Dit was "bedrieër" genoem. Die einste woord *Jakob* beteken "bedrieër." En toe hy aan hierdie kant was, 'n bedrieër; 'n groot, gesonde, sterk, bedrieër.

101 Aan die ander kant, 'n mank prins wat God ontmoet het; aangeraak, anders, het daardie kosbare hoop in hom gehad! Hy het anders geloop. Hy het anders opgetree. Hy het anders gelewe.

102 En toe hy gereedgemaak het om te sterf, ver onder in Egipte. Dink daaraan nou. Met daardie inspirasie voor die opstanding, aan hom gegee ten dele, voor die opstanding. Hy het gesê: "Ek weet iets gaan gebeur daarbo in Egipte, een . . . nie in Egipte nie; maar bo in die beloofde land, een van hierdie dae. So op die presiese plek waar hierdie inspirasie . . . Kom hier, my seun, Josef," wat 'n profeet was. Hy het gesê: "Kom hier en lê jou hand op hierdie 'stoei,' die plek waar ek was. En sweer vir my, by die God van die Hemel, dat jy my nie hieronder sal begrawe nie. Sweer vir my dat jy my nie hier sal begrawe nie." Want, hy het geweet dit was essensieël dat hy vergader sou word saam met daardie mense.

103 Dis hoekom ons vandag wil sing soos ons ons hand op die ou ruwe kruis sit: "Ek sal die weg kies saam met die Here se paar veragtes; hoewel Dit gekritiseer word, hoewel Dit bespot word, hoewel ek 'n groot, gewilde persoon hier mag wees."

104 Soos daardie, eendag, soos was, 'n ou klein seuntjie wat in die dorp rondgehardloop het hier, en soort van gewild onder die . . . sovoorts, die jongmense. Maar ek het eendag iets gesien, wat afgekom het hierin. En ek het die plek aan die mank kant gekies, aan die anderkant.

105 Is julle nie bly, vanmôre, julle het julle posisie daar oorkant ingeneem nie? Want daar was iets in—in julle! [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

106 'n Jongdame . . . Toe ek nog net 'n seun-prediker was, hier oorkant by die plek waar ek gepreek het, sy . . . Ek het haar kerk toe geneem een aand. Sy het gesê: "Billy, ons sal . . . kan ons, na kerk, na die vertoning toe gaan?"

Ek het gesê: "Ek gaan nie na vertonings toe nie."

107 Sy het gesê: "Wel," gesê: "kan ons—kan ons 'n—'n ontmoeting hê, of 'n afspraak, om uit te gaan na 'n dans wat sou plaasvind?" En die meisie was 'n Sondagskoolonderwyseres.

108 En ek het gesê: "Wel, nee." Haar broer was 'n prediker. Hy woon nie ver van net hier af nie. En hy . . . Gesê: "Kan ons na 'n —'n—'n dans toe gaan?"

Ek het gesê: "Ek dans nie."

109 En sy het gesê: "Jy dans nie?" Gesê: "Waar het jy ooit enige pret?"

Ek het gesê: "Kom na die kerk toe, ek sal jou wys." Amen.

110 Ek sal vir jou sê, broer, wanneer ek daardie opstandings, veranderingskrag van die Here Jesus Christus, voel sirkel deur 'n menslike liggaam, wat daardie volmaakte versekering gee, is daar meer vreugde Daarin, binne vyf minute, as wat daar is in al die wêreldse vreugde wat gegee kan word. Daardie Opstandingskrag!

111 Wel, daardie aand, het sondaars na die altaar toe gekom. Sy het ook daaragter gesit en huil. Ek het gesê: "Nou, kyk, sus, sien jy waar my vreugde is?" Ek het gesê: "Ek is nou gelukkiger as al die dinge wat jy my kan gee in die wêreld. Die wêreld, en al sy krag, sal nooit die plek Hiervan inneem nie." Siele sien kom, daar is Iets daarin!

Sê: "Wel, wat is dit? Dis nie jou plig nie."

112 O, ja, dit is, ook. Dis die plig van elke man en vrou wat gebore is uit die Gees van God, om Christene te sien kom na die Koninkryk van God. Dis jou plig. Dis jou taak. En watter vreugde is dit wanneer dit alles gebeur, weer, jy sien wat 'n vrede. Ja.

113 Jakob het gesê: "Nou plaas jou hand hier oorkant, en sweer dat jy my nie hier sal begrawe nie." So hulle het hom geneem en hom daarbo begrawe saam met die res van hulle.

114 En toe—toe, Josef, dit het soort van gekom van Jakob na Josef. En toe Josef gesterf het daaronder in Egipte, het hy gesê: "Nou, kyk, moet julle my nie hier begrawe nie, want ek weet eendag gaan ons hier weggaan. So, ek . . . Los julle net my bene buite die grond." O, goeiste! "Ek wil elke getuienis gee wat ek kan, dat ek daarin glo." Dis reg. Gesê: "Na ek dood is, los net my bene daar as 'n getuienis." Sien? Wat is dit? Hy kon net soos Job gesê het: "Ek weet my Verlosser leef," want hy het gesien hoe die hele ding gedramatiseer word. Hy het gesien, soos Job.

115 Job het dit in 'n visioen gesien. Abraham het dit deur Isak gesien. En Isak wat . . . en Jakob, ensovoorts. En Jakob het dit gesien deur die stoeigeveg.

116 Nou het Josef dit deur sy eie lewe gesien. Hy het gesien dat hy as 'n eienaardige seun gebore is, dat hy 'n siener was. Daar was iets omtrent hom; hy kon visioene sien. Hy kon dit nie verstaan nie. Hy het selfs gegaan en gesien . . . Vir sy moeder en vader vertel, toe hulle hom probeer korrigeer het, toe hy al die gerwe voor syne sien buig het. Hy kon dit nie verstaan nie. Maar toe, volgende ding, het hy uitgevind dat hy verraai was deur sy broers. Hy het gesê: "Wat stel ek hier voor? Wat is hierdie voorkennis wat ek ontvang?" Hy het sy eie lewe dopgehou.

117 En enige man kan jou eie lewe dophou en omtrent sê wat jy is, as jy net jouself nagaan, of jy regtig 'n Christen is of nie. Kyk na die dinge wat jy doen, en wat jy sê, en jou vriende, ensovoorts. Jy sal uitvind of jy regtig enigiets daar het, of nie.

118 Hy het sy lewe gesien hoe dit begin beweeg het. En die volgende ding waarvan jy weet, het hulle gevind dat hy in 'n gat gegooi is; mislei deur sy broers, skynbaar doodgemaak en in 'n gat gegooi, en is weer uitgebring. Josef het dit vooraf gesien. Hy het homself in die tronk gesien. Hy het homself in die kerker gesien. Hy het gesien God was met hom, wat hy ook al gedoen het, geweet, hy was die prins van voorspoed. Die wêreld was voorspoedig. Oral waar Josef was, was daar voorspoed, want hy was die prins van voorspoed. En, hy, wat Christus vooraf geskadu het.

119 Waar Christus ook al is, is daar voorspoed. En wanneer Christus terugkeer na die aarde, sal die hele vloek van die aarde weggeneem word, een van hierdie dae. Die ou woestyn sal blom soos 'n roos, en die rowwe plekke sal gladgemaak word. En sy sal voortbring in oorvloed, want Hy is die Prins van voorspoed, waar Hy ook al is. Halleluja! Die Prins van voorspoed!

120 Hoe ons hierop kon bly vir omtrent 'n uur net nou! Maar, om op te skud nou, ons moet opskud.

121 Nou kyk na Josef, deur dit te sien, toe hy alles geweet het wat hy gedoen het. Hy het sy broers, wat hom verloën het, uiteindelik na hom toe sien kom, sonder om te weet wie hy was; en voor hom buig, eerbiediglik. En diegene wat hom gekruisig het, as't ware, hom in die grond gegooi het, diegene wat hom aan die Egiptenare verkoop het, almal van hulle wat hom mishandel het, het voor hom gestaan. En, hy, die groot prins; en hulle het gebewe. En hulle het gesê: "O, dat . . . " Gebewe, want, gesê: "Ons het ons broer doodgemaak." En alles daarvan, en hoedat dit in 'n voorafskadu moes wees.

122 Josef, hy het geweet dat dit die toestande van die wêreld sou wees by die koms van die Here Jesus, so hy het melding gemaak van sy bene. Hy het gesê: "Moenie my hier begrawe nie. Maar ek wil elke getuienis nalaat wat ek kan, dat ek glo dat daar eendag 'n opstanding sal wees, daarbo, waarnatoe diegene, wat dieselfde inspirasie gehad het, gegaan het."

123 En so kan die Kerk sê, vanmôre! Hoewel "fanaties," soos ons genoem word; hoewel ons glo in die Krag van die opstanding; hoewel ons glo in Goddelike genesing en al die bonatuurlike tekens wat Christus belowe het; moet ons die kant kies van "die ongeletterdes," of "die fanatikus," ensovoorts! Maak nie enige verskil wat ons moet neem nie, solank ons weet ons Verlosser leef, en die bewys voortgebring het in ons hart, dat Hy leef en regeer.

124 Josef het gesê: "Ek wil elke getuienis bring teen die duiwel wat ek kan."

125 So hy het sy bene daarbuite gegooi en hulle het daar gelê vir vierhonderd jaar. Amen. Want, dit het verby dit gekyk! Mens sê: "Wat 'n fanatikus!" Dit het toe gelyk soos 'n fanatikus, maar dit is bewys as die Waarheid. Amen.

126 So sal dit wees vir elkeen wat hierdie kosbare hoop van hierdie teks vanmôre het: "Ek weet my Verlosser leef. Ek weet dit, ongeag wat!"

127 Hulle sê: "O, ons is voorspoedig hier. Die hele Egipte was voorspoedig terwyl ons hier was," al hierdie dinge.

128 Maar hulle het nie enige verskil gemaak nie. Hy het geweet hulle gaan daaruit, so seker soos die wêreld. Hy het gesê: "Nou, neem my bene soontoe, en begrawe hulle bo in Egipte . . . bo in die beloofde land, bo in Kanaänland, buite Egipte." So toe hulle . . . Moses het ingekom, nog 'n geïnspireerde profeet, en hy het die bene van Josef geneem, en hulle soontoe geneem en hulle begrawe in dieselfde veld, dieselfde plek waar die res van hulle begrawe is. Hy het sy weg gekies, saam met die res van hulle. Hoekom? Daar was Iets in hom. Iets in hom! Maak nie saak . . .

129 Julle hoor nie die res van die mense daaronder enigiets daarvan sê nie. "Wel, enige plek is goed." Hulle val net enige plek waar hulle wil.

130 Maar daar was Iets in hom, Iets wat dieselfde visioen gehad het wat Job gehad het, dieselfde visioen wat die res van hulle gehad het. Maak nie saak wat die res van die wêreld gedink het, wat hulle gedoen het nie, dit het niks met Josef te doen gehad nie; dit het niks met Abraham te doen gehad, met Isak, met Jakob, met al die res van hulle nie. Iets het gestreef na daardie beloofde land. Het fanaties gelyk, maar hulle wou dit hê, want daar was Iets in hulle. "Diepte wat roep na die Diepte."

131 Dis hoe dit vandag is met elke gelowige. Daar is Iets in hulle, wat streef Daarna. Maak nie saak, jy kan *dit*, *dat*, of die *ander* probeer, maar daar's Iets wat streef. Jy weet, sonder 'n sweempie twyfel dat daar 'n Stad is wie se Boumeester en Oprigter God is. Jy weet dat daar Iets daar is, so jy streef Daarna.

132 Nou, op die dag wat hulle hom begrawe het, die bene daarbo, het honderde jare verbygegaan.

133 En uiteindelik, eendag: "Vir ons is 'n Seun gebore, vir ons is 'n Kind gegee. En Sy Naam sal genoem word Wonderbaar, Raadsman, Die sterke God, Die Vredevors, Die ewige Vader." En Hy het na die aarde toe gekom, en Hy het gekom by wyse van 'n krip, arm en agterlik.

134 Maar Iets in Hom, wat geweet het! Hy het daar gestaan met een profesie uit die Bybel. Hy het gesê: "Julle vernietig hierdie liggaam, en binne drie dae sal Ek dit weer oprig."

135 Hy was die enigste Man wat dit kon sê, ooit in staat was om die stelling te maak, of ooit in staat sal wees om dit te maak. "Ek het mag om My liggaam neer te lê; Ek het mag om dit weer op te neem." Dis reg, Emmánuel, Self!

136 En toe, toe Hy gesterf het, en, op die dag van Sy dood, het hulle Hom van die kruis afgehaal, en hulle het Hom in die graf

gesit. En Hy het daar gelê van Vrydagmiddag tot Sondagoggend, op daardie wonderlike Paasoggend, toe Hy weer opgestaan het. En Sy siel is losgemaak van die gevangenisse van die hel daaronder, waarnatoe Hy gegaan het as 'n sondaar vir jou en my, ons sonde weg te dra, om ons 'n volmaakte versekering te gee. Geen rede om te twyfel, meer nie; dit 'n volmaakte versekering gegee. Hy het gesê: "Ek . . . "

137 Omdat Hy dit gedoen het, is Sy siel in die hel gewerp, omdat Hy 'n verstoteling was. Hy was die "sondebok" van die Ou Testament, op wie, hulle die sondes van die volk, op die sondebok, geplaas en hom uitgestuur het in die wildernis om te sterf. Jesus was daardie sondebok, wat die sonde van die mense op Hom gehad het, en verwerp is en hel toe gegaan het, om die martelings te verduur. Sy liggaam het in die graf ingegaan, om die prys van ons opstanding te betaal. O, goeiste!

138 Toe, op daardie Paasoggend, toe Hy weer opgekom het uit die graf, waar pyn van die dood en hel Hom nie kon hou nie. En toe Hy weer opgestaan het op Paasoggend, het nie net Hy opgestaan nie, maar Job, Jakob, Abraham, Isak het ook gekom. Al die res van hulle het gekom in die opstanding, in Matthéüs 27: "En aan baie verskyn, en in die strate rond." Dit as 'n seël van hulle getuienis, omdat hulle iets in hulle gehad het, wat gesê het: "Ek weet my Verlosser leef." En aan elke mens . . . Nou, hulle het geweet!

139 God het geweet, dat in die dae wat sou kom, dat teoloë hierdie Bybel sou beetkry. Hulle het geweet dat slim manne Dit sou beetkry, dat hulle hulle eie verklaring Daarvan sou gee, dat hulle sou sê: "O, Dit beteken nie *dit* nie. Dit beteken nie *dat* nie."

140 So, om seker te maak, dat Sy groot planne vervul sou word in die eeue wat sou kom . . . Luister nou goed terwyl ons die diens afsluit. Sodat in die eeue wat sou kom, Sy plan vervul sou word, het God 'n definitiewe getuienis daarvan gegee.

141 Ons kan Dit lees en sê: "Ek glo Dit." Dis verstandelik. Dis intellektuele geloof. Dis verstandsteologie. Maar daar is Iets bokant dit. Dis reg.

142 Nie net het Hy uit die dood uit opgestaan nie, maar Hy het opgevaar in die Hoogte en die Heilige Gees teruggestuur. "Hy het opgegaan in die Hoogte, en gawes aan die mense gegee; gevangenes gevange geneem, en gawes aan die mense gegee."

143 En, vandag, nadat teoloë gelol het met die Bybel, na kerkorganisasies opgestel is, en hulle sê: "Wel, *hierdie* is wat ons nodig het. Sommige mense onder die kerk begrawe, sommige van die heiliges; ons sal hulle bene opgrawe en hulle hiernatoe bring." Party van hulle het gesê: "Ons sal 'n kerk bou regoor die graf waar Hy—waar Hy gekruisig is, of waar Hy begrawe is. Ons sal 'n kerk daar bou." Mense, in materieël, probeer materialistiese

dinge doen, maar dis so nikswerd. Daar is niks aan nie. Dis alles onsin, en niks daaraan nie.

144 Maar die ware opstanding is diegene wat gesterf het saam met Hom, wedergebore is, wat daardie "weet so" geloof het. "Ek weet my Verlosser leef." En God werk met daardie mense: "met tekens en wonders," en die groot opdrag hier, deur te wys dat Hy opgestaan het uit die dood, en sigbare tekens en wonders toon.

145 God seën julle. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Glo julle dit met julle hele hart?

146 Mag ons nou haas huistoe. Eet julle ontbytte en kom weer terug om nege-uur. En ons gaan die kêrels laat uitgaan, hulle gebedskaarte gee, teen nege-uur.

147 En aan my . . . sê, vanmôre, en die laaste woorde oor hierdie hier, tot ek terugkom. Die einste Here Jesus wat opgestaan het uit die dood, is lewendig vandag, en kan presies dieselfde dinge doen wat Hy belowe het. "Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens vergesel, selfs tot Ek weer terugkom." Al word julle verwerp, al word julle "fanaties" genoem, tog is Hy hier in al Sy Krag. God seën julle. Ek bid dat God julle 'n Pase gee, vandag, wat julle nooit sal vergeet, vir solank julle leef nie.

148 Nou, julle sê: "Is jy teen hulle, daardie mense wat na kerke toe gaan, en groot kruise, en so?" Nee, meneer, my broer. Daardie dinge, so goed as wat hulle kan wees, dis net soos om te kry . . . Hier is wat ek van daardie groot kerke dink.

149 Jy sê: "O, sekerlik, as die Here ons 'n yslike groot plek sal gee, sou ek dit waardeer."

150 Maar hier is my ontleding daarvan. Het julle ooit gedink om hier na die smelterye en fabrieke toe te gaan, en 'n groot, lang passasierstrein te bou, en die sitplekke alles mooi, gepoleer, en die groot fluitjie bo-op, en die ingenieurs daarin te sit, sonder enige stoom om dit mee te trek? Sien? Jy net . . . Dit sal niks help nie. Ek sou liewer 'n pomptrollie iewers wou hê, met 'n bietjie stoom daarin, as om dit alles te hê, (sou julle nie?), want jy gaan iewers kom. Dis waar. So onthou julle dit maar net, die ware opstanding, die ware ding.

151 Jy sê: "Daardie ding kan vanself loop, daar oorkant." Hoe kan dit loop? Bewys dit vir my.

152 En dis wat ons gedoen het. Ons het die sitplekke opgestop. Ons het die fluitjie gepoleer. Ons het die leraars blinkgevryf, om te onderrig met groot teologie, en yslike groot woorde te gebruik wat net sal . . . groot dinge wat hulle die woordeboek amper heelnag bestudeer, vir 'n preek, om dit die volgende oggend uit te bring, "met groot hoogdrawende woorde." Maar, broer, vir my, is dit onsin.

153 Gee vir my Christus. Gee vir my die opstanding. Gee vir my die bewys, in my hart, dat Christus uit die dood uit opgestaan

het. [Broer Branham klop drie keer op die preekstoel—Red.] Dit handel dit af, vir my. Amen.

154 Gee my iets wat ek kan sê, saam met Paulus van ouds, by daardie groot, donker kamer wat voor my staan, as 'n sterfling. En ek is nie meer 'n babatjie nie, dat ek weet elke keer as my hart klop, is ek oppad na daardie groot, donker kamer daar, wat die dood genoem word. Elke keer; en eendag gaan dit sy laaste klop gee, en ek moet in daardie kamer van die dood ingaan saam met elke sterfling.

155 Maar ek wil sê, saam met Paulus, daardie groot apostel, soos hy gesê het: "Ek wil Hom ken in die Krag van Sy opstanding," dat, wanneer Hy roep vanuit die dood, ek saam met Hom sal uitkom op daardie tyd. Dis wat ek wil hê: "om Hom te ken," vanmôre. Dis wat, ek's dankbaar teenoor God: "Ek ken Hom wel in die Krag van Sy opstanding." Dat: "Ek weet my Verlosser leef."

156 Hierdie verblinde oë, wat eenmaal blind was, is geopen. Hierdie klein, ou swak liggaampie, van omtrent 'n honderd vyf-en-twintig pond, wat hier rondsteier, het. . . vlees het daaraan gekom. Hierdie hart wat eers swart was van sonde, is wit gemaak. Hierdie begeertes wat eers die dinge van die wêreld liefgehad het, hulle het gesterf, twee-en-twintig jaar gelede, en dit het nou weer opgestaan.

157 En hierdie sterflike oë waardeur ek kyk, ek was bevoorreg, deur die genade van God, om die kreupeles te sien loop, die blindes, sien, o, die groot tekens en wonders, en die kragte van God. Ek weet my Verlosser leef. Ek weet dit, sonder enige sweempie twyfel. Ek weet dit. Ek weet dit. Ek weet dit. My Verlosser leef, amen, voortdurend, die heeltyd. Al vergaan my niere in my, al kleef my tong aan my lippe, al verteer die velwurms die liggaam, al word 'n grafsteen opgerig, tog, weet ek my Verlosser leef. Amen.

Sal ons bid!

158 Hemelse Vader, ons dank U, vanmôre, vir hierdie opstanding. O God! Eenmaal, 'n sondaar, gebind deur die kettings van sonde; eenmaal in die tronk, van omstandighede; vreesagtig, spookagtig, bang vir die dood, bang om U te ontmoet, maar een wonderlike dag het daar 'n opstanding daaruit gekom. Christus het opgestaan in die hart, en vandag het ons hierdie groot versekering. Vandag leef Hy oppermatig, en ons dank U vir Hom.

159 En ons bid nou, Vader, dat U hierdie gehoortjie sal seën, en ons het vergader. Mag U Heilige Gees nou op elkeen rus. Wees U met ons deur die komende diens, Here. En mag die Heilige Gees in ons midde inkom vanmôre en elke siek persoon genees wat in die gebou is. Skenk dit, Here. Mag die mense van hier af weggaan, om hierdie groot Pase vir altyd te onthou. Skenk dit, Here. En mag die groot magte, mag die groot Engele, wat die

steen weggerol het op Paasoggend, mag hulle teenwoordig staan, vandag, om elke steen van twyfel weg te rol, elke vrees, elke tweedrag. Neem dit weg uit die harte van die mense. Skenk dit, Here, dat die Heilige Gees mag afkom in groot krag, en toegang hê tot elkeen. Skenk dit. Deur Jesus Christus' Naam, vra ons dit. Amen.

160 Kom ons staan.

Die eerste om te sterf vir hierdie Heilige Gees plan,
Was Johannes die Doper, maar hy't gesterf soos 'n man;
Toe kom die Here Jesus, Hom kruisig hulle toe,
Hy het gepreek dat die Gees mens van sonde red.

Bly drup van die bloed, ja, dit bly drup van die bloed,
Hierdie Heilige Gees Evangelie drup van die bloed,
Die bloed van dissipels wat sterf Waarheid,
Hierdie Heilige Gees Evangelie drup van die bloed.

O, toe stenig hulle Stéfanus, hy het teen sonde gepreek,
Dit het hulle so ontstel, hulle het sy kop vermorsel;
Maar hy't gesterf in die Gees, hy het die gees oorgegee,
En gegaan saam met ander, hierdie lewegewende skaar.

Daar's Petrus en Paulus, en Johannes die goddelike,
Hulle het hul lewens gegee sodat hierdie Evangelie kan skyn;
Hulle het hul bloed vermeng, soos die profete van ouds,
Sodat die ware Woord van God opreg kon bly.

Daar's siele onder die altaar, wat roep: "Hoe lank nog?"
Vir die Here om die verkeerdes te straf;
Maar daar gaan nog meer wees wat hul bloed sal moet stort
Vir hierdie Heilige Gees Evangelie en sy rooi vloed.

Bly drup van die bloed,
Hierdie Heilige Gees Evangelie bly drup van die bloed,

Die bloed van dissipels wat sterf Waarheid,
Hierdie Heilige Gees Evangelie drup van die bloed.

161 Het julle Hom nie lief nie? Ons sing daardie liedjie, omdat ons glo dat die Heilige Gees Evangelie steeds drup van die Bloed. Dis 'n weg van vervolging. Dis 'n weg van misverstand. Dis reg. Die wêreld ken Dit nie. Die wêreld het Dit nooit geken nie. "Die wêreld sal julle haat. Maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin." Hulle verstaan Dit nie. "Die verkondiging van die kruis is dwaasheid vir diegene wat vergaan." Maar daar is Iets onderin die gelowige se hart, sê: "Ek weet my Verlosser leef. Ek weet dit, sonder enige twyfel."

162 Voel almal goed? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Skud nou hand met iemand wat naby jou staan, sê: "Prys die Here." Prys die Here. Prys die Here. Prys die Here. Dis goed. Dis goed.

163 Neem julle plek in, vanmôre, by Christus. Hy het uit die dood uit opgestaan. Kies die weg saam met die Here se paar veragtes. Goed.

Nou sal ons ons hoofde net 'n oomblik buig.

164 En onthou nou die dienste net binne 'n paar minute weer. Ons sal weer begin, nou, om—om nege-uur; gebedskaarte sal uitgegee word. Tienuur, as die Here wil, sal die voorprogram begin. Preekdiens sal begin omtrent omstreeks, om—om tien, reken ek. En wees julle vroeg hier, om nege-uur, om julle gebedskaarte te kry. En die kêrels sal hier wees om nege-uur vanmôre, om gebedskaarte uit te gee. Goed.

165 Nou haas huistoe. As julle moet eet, gaan voort. Indien nie, kom terug sonder ontbyt. Goeiste, ons eet in elk geval te veel. So kom dan terug, aan die vas, juig, laat julle hart reg.

166 Hou dit net in julle gedagte: "Ek weet my Verlosser leef. Ek weet Hy leef. Die vreugdeklokke wat lui in my hart! Omdat Hy opgestaan het, sal ek ook opstaan. Want, ek's nou alreeds, tydelik, posisioneel opgewek saam met Hom, 'en sit in Hemelse plekke in Christus Jesus.'"

167 Nou laat ons ons hoofde buig, oral in die gebou. En ek het Broer Beeler gevra, een van die pastore hier . . .

168 Broer Tom Meredith, ek het hom ook daaragter gesien, ons sal hom in die diens gebruik 'n bietjie later.

169 En nou, Broer Beeler, as hy sal vorentoe tree terwyl almal met hulle hoofde gebuig in gebed, sal ons hom vra om ons te verdaag in gebed. Goed, Broer Beeler, as jy sal.

My Verlosser Leef AFR55-0410s
(My Redeemer Liveth)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Paas Sondagoggend by sonsopkoms, 10 April 1955, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2018 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org